

OKTOBER 2026

Bulletin

Amptelike nuusbrieff van die Munisipaliteit Overstrand

OVERSTRAND BEREI
VOOR VIR 'N WARM EN DROË SOMERINWONERS WORD AANGEMOEDIG OM
WATER VERSTANDIG TE GEBRUIK TERWYL DIE RISIKO
VIR BRAND TOENEEM

Weervoorspellings dui op 'n baie sterk El Niño-weerpatroon gedurende die komende somer, wat vir tussen nege en 18 maande warmer en droër toestande in die Wes-Kaap kan veroorsaak. Die verwagte toestande kan die risiko vir veldbrande verhoog, terwyl warmer weer ook tot hoër watergebruik kan lei. Die Overstrand-munisipaliteit berei dus vir 'n potensieel langer en moeilike brandseisoen voor en hou brand- sowel as watertoestande noukeurig dop.

As deel van sy voorbereidings hersien en versterk die munisipaliteit sy planne vir die somermaande. Brand, Redding & Rampbestuur werk saam met organisasies soos die Greater Overberg Fire Protection Association (goFPA) en ander reaksie-agentskappe om gereedheid, koördinasie en die deel van inligting te verbeter.

Grondeienaars, boere en besighede word aangemoedig om eksotiese plantegroei te verwyder, brandstoke in stand te hou waar nodig en te verseker dat brandbestrydingstoerusting versien en gereed is om te help om die risiko vir brande in die komende somermaande te verminder.

GEEN WATERBEPERKINGS OP DIE OOMBLIK NIE

Alle damme regoor die Overstrand bly bykans 100% vol en word deurendend gemonitor. Hoewel geen waterbeperrings tans in plek is nie, word inwoners nietemin aangemoedig om water nou verstandig te gebruik eerder as om te wag tot droë toestande ontwikkel.

Inwoners kan help deur lekkasies te herstel, vir korter tye te stort, krane toe te draai wanneer dit nie gebruik word nie, wasmasjiene en skottelgoedwassers net met vol ladinge te gebruik, en tuine nie op die warmste deel van die dag en vir korter tydperke nat te gooi nie.

Die bestaande Waterdienste-verordening bepaal dat besproeiing nie tussen 09:00 en 17:00 toegelaat word nie, wat help om waterverlies deur verdamping op die warmste deel van die dag te verminder.

Inwoners het ook oor die uitwerking van die storm op Erfenisdag in September 2024 gevra, toe groot hoeveelhede slik uit die Hemel-en-Aarde-vallei afgespoel het. 'n Opname van die De Bos-dam is ná die oorstroomings gedoen en daar is bevestig dat die huidige kapasiteit van die dam 5,57 miljoen kiloliter is. Die dam bly op 100%-kapasiteit.

WATERBENUTTING IN DIE OVERSTRAND ONDERSOEK



Die munisipaliteit gaan voort met sy pogings om waterbronne regoor die streek te diversifiseer. Planne vir 'n soutwater-ontsoutingsaanleg vorder, terwyl werk aan die grondwateraanvullingsprojek in Hermanus en Pearly Beach voortduur.

EIENAARS WORD HERINNER OM **BRANDVEILIG** TE HOU

Die Overstrand-munisipaliteit herinner eienaars en diegene wat vir op erwe verantwoordelik is om ruig plantegroei en ander materiaal wat die risiko kan verhoog dat brande na aanliggende eiendomme kan versprei, van eiendomme te verwyder.

Ná inspeksies kan eiendomme wat as brandgevaar geïdentifiseer word, aangesê word om in ooreenstemming met die munisipaliteit se Gemeenskapsbrandveiligheid-verordening skoongemaak te word. Eienaars sal 14 werksdae vanaf die datum van die kennisgewing gegee word om die eiendom skoon te maak. Indien eienaars nie hulle eiendomme binne die vereiste tydperk skoonmaak nie, kan die munisipaliteit die werk doen, met die skoonmaakpogings wat vir die eienaar se rekening is.

Is jou kontakbesonderhede op datum?

As die munisipaliteit jou in verband met die skoonmaak van jou vakante erf moet kontak, is dit belangrik dat jou kontakbesonderhede op datum moet wees. Gaan jou besonderhede by die Departement Finansies na deur 'n e-pos te stuur aan enquiries@overstrand.gov.za, of vul die adresveranderingsvorm op die munisipale webwerf in: www.overstrand.gov.za > Application Forms > Financial Services.

En onthou die kleinwild: Voordat 'n erf skoongemaak of vir ontwikkeling voorberei word, doen die moeite om skilpaaie, verkleurmanneltjies en ander klein diertjies te soek wat in die plantegroei kan skuil. As jy 'n kontrakteur gebruik, vra hulle om op die uitkyk te wees vir diere en, waar moontlik, diere na veiligheid te neem voordat hulle met die skoonmaakwerk begin.

AANLYN WERKSAANSOEKE

Wat jy moet weet voordat jy aanlyn registreer

Seisoenale werksgeleenthede sal in die res van 2026 in die Overstrand beskikbaar raak. Werksoekers wat in hierdie geleenthede belangstel, word aangemoedig om nou te registreer en 'n profiel op die Overstrand-munisipaliteit se aanlyn werksaansoekportaal te skep. Dit sal verseker dat jy gereed is om aansoek te doen wanneer poste geadverteer word.

Alle aansoeke om seisoenale werk, UOWP, vastetermyndienskontrakte en permanente poste moet aanlyn deur die werksaansoekportaal ingedien word.

Jy kan vanaf enige plek met 'n rekenaar, selfoon en internetverbinding aanlyn registreer en aansoek doen. 'n Stap-vir-stappids is op die Overstrand-munisipaliteit se webwerf beskikbaar om jou te help registreer en jou profiel te skep: www.overstrand.gov.za/vacancies.

Om jou profiel te skep

Hou die volgende inligting gereed:

- Persoonlike besonderhede (naam, van, adres, ID-nummer/paspoortnummer)
- SAID-belastingnommer
- Geldige selfoonnommer
- Geldige e-posadres en die wagwoord om toegang tot jou e-pos te kry
- Hoogste vlak van opvoeding
- Geldige verwysingskontakte

Om vir 'n spesifieke vakature aansoek te doen

Wanneer jy vir 'n pos aansoek doen, moet jy al die dokumente hê wat vir daardie pos benodig word. Dokumente moet in PDF-formaat wees sodat dit op die werksaansoekportaal gelaai kan word.

Maklike maniere om 'n PDF te skep:

Neem 'n duidelike foto van die dokument met jou selfoon of skandeer die dokument en bêre dit as of skakel dit om na 'n PDF.

Die dokumente wat vereis word, sal na gelang van die pos wissel.

Voorbeelde sluit in:

- Bygewerkte CV
- Suid-Afrikaanse ID-dokument of paspoort
- Kwalifikasiedokumente, insluitend matrieksertifikate, akademiese rekords en ander tersaaklike sertifikate
- Bestuurslisensie (waar van toepassing)
- Enige ander stawende dokumente wat vir die spesifieke pos vereis word

Kom voorbereid wanneer jy hulp nodig het

Inwoners wat hulp nodig het met die aanlyn werksaansoekproses kan die Thusong E-sentrum of enige openbare biblioteek in die Overstrand besoek. Personeel kan help om 'n e-posadres te skep, 'n CV op te stel, 'n profiel te registreer en dokumente op te laai. Aansoekers moet daarop let dat biblioteektariewe vir kopiëring en skandering by openbare biblioteke geld. Kopieë kos R1 per vel en skanderings kos R3 per vel.

Kom asseblief voorbereid met al die nodige inligting en stawende dokumente. Laat asseblief **tot 'n uur** vir die registrasieproses toe. Indien personeel met ander pligte besig is, kan hulle jou dalk nie dadelik help nie, en 'n afspraak kan vir later daardie dag gereël word.

Vir diegene wat gemaklik is om die aanlyn platform te gebruik en toegang tot die internet het, besoek: www.overstrand.gov.za/vacancies.

'n Stap-vir-stappids is beskikbaar om jou te help registreer en jou eie profiel te skep.

RAMPBESTUUR LAAT SORGNETWERK HERLEEF



Die Overstrand-munisipaliteit Rampbestuur laat sy humanitêre sorgnetwerk herleef. Dit is 'n vennootskap tussen plaaslike organisasies wat in tye van nood ondersteuning aan gemeenskappe kan bied.

Wanneer rampe soos brande, oorstromings of ander noodgevallen voorkom, kan daar 'n onmiddellike behoefte aan kos, drinkwater, klere, tydelike skuiling en ander noodsaaklike items wees. Hoewel die munisipaliteit die rampreaksie koördineer, kan gemeenskapsorganisasies, kerk- en ander groepe dikwels vinnig met hulpbronne en ondersteuning help.

Die sorgnetwerk se doel is om koördinerende tussen hierdie organisasies en Rampbestuur te verbeter om te help verseker dat bystand kwesbare gemeenskappe so gou as moontlik bereik. Dit sal help om duplisering te vermy en seker te maak dat die regte hulp by die regte plek uitkom. Dit kan voorkom dat te veel van een tipe item geskenk word, terwyl daar nie in ander belangrike behoeftes voorsien word nie. Dit sal ook kommunikasie en samewerking voor, tydens en ná 'n voorval verbeter.

Briewe is gestuur aan organisasies wat gereed met Rampbestuur saamwerk om hulle te nooi om deel van hierdie inisiatief te word.

DIE NETWERK SAL DIE VOLGENDE INSLUIT:

- 'n Gedeelde, bygewerkte lys van beskikbare hulpbronne en dienste
- Duidelike rolle en gebiede vir ondersteuning gedurende voorvalle
- Kommunikasiekanale om te help om bystand vinnig te koördineer

Organisasies wat daarin belangstel om by die humanitêre sorgnetwerk aan te sluit of meer wil uitvind, kan Rampbestuur by 028 313 8941, mcarelse@overstrand.gov.za, of 028 313 5052, scoert@overstrand.gov.za kontak.



BOU JY OF MAAK JY SKOON?

Wees op die uitkyk vir verkleurmannetjies

Die Overstrand-munisipaliteit werk al jare lank saam met Whale Coast Conservation en ander organisasies soos die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging aan omgewingsprojekte. Dit sluit in opvoedkundige strandskoonmaakveldtogte, skoolprogramme en die redding van wild wanneer plantegroei verwyder en beheerde brande gedoen word.

As deel van hierdie deurlopende vennootskap word soek-en-red-operasies uitgevoer voordat beheerde brande plaasvind sodat skilpaaie, verkleurmannetjies en ander klein diertjies waar moontlik uit die probleemgebied verwyder kan word.

Maar almal van ons kan na kleinwild soek. Voordat jy 'n erf skoonmaak, plantegroei verwyder of met werk aan 'n nuwe huis begin, soek na diere wat dalk tussen die plante skuil. Skilpaaie, verkleurmannetjies en ander klein diertjies kan maklik misgekyk en beseer word wanneer daar skoongemaak word. Waar moontlik, gee hulle 'n kans deur hulle te soek en eers na veiligheid te neem. Ons hoef nie te wag vir 'n regulasie om vir ons te sê om te gee nie – die beskerming van wild rondom ons is iets wat uit die hart kom.

Hierdie maand lei Whale Coast Conservation 'n reddingsoperasie langs die R43 tussen Hermanus en Onrus voordat daar met die beplande padverbreding begin word. Vrywilligers sal snags deur die plantegroei langs die pad soek na Kaapse dwergtrapsoetjies, wat moeilik kan wees om gedurende die dag raak te sien.

Gemeenskapslede wat wil help, word genooi om 'n handjie by te sit en aan die reddingspoging deel te neem. Motoriste wat in September en Oktober met die R43 langs reis, kan flitsligte, waarskuwingsdriehoekke en vrywilligers sien wat ná donker langs die pad werk. Bestuurders word gevra om spoed te verminder, op hulle hoede te bly en nie langs die besige pad stil te hou nie.

Om betrokke te raak, kontak Whale Coast Conservation by 028 316 2527.

